Geen inligting uit hierdie dokument mag gepubliseer word. Kopie-reg behoort aan die Durbanvile Erfenis-Stigting

Clara Anna's Fontein

Die Juweel van ons erfenis

Durbanville Erfenis-stigting insette

Saamgestel deur Dr NM Walters (MSc, MBA, PhD)

Agtergrond

In hierdie dokument word gepoog om 'n bondige beskrywing te gee van die impak van die geskiedenis en historiese/kultuur-erfenis van die plaas Clara Anna's Fontein (Uitspan). Die dokument fokus veral op die eerste honderd jaar van die plaas (18de eeu) se bestaan asook hierdie bydrae tot die latere ontwikkeling van Durbanville. Die dokument is voorberei na aanleiding van 'n versoek vir openbare insette rakende die ontwikkeling van Uitkamp/Clara Anna's Fontein.

Klara(e) Anna's Fonteijn (soos aangegee in die 1702 toekenning) is een van die juwele in die kroon van die stamplase rondom die Tygerberge wat bydra om Durbanville een van Suid Afrika se belangrikste historiese en kultuur areas te maak. Nuwe navorsing toon dat Hendrik Olivier, die eerste eienaar, al reeds sedert **1692** al op Clara Anna's Fontein geboer het[1] en nie in 1702 soos sommige bronne aangee.

Ons het toe gelaat dat die ander kroon juwele soos de Oude Westhof (die van der Westhuizen se stamgrond), Doordekraal (Tryntjie Theunissen en Verwey stamgrond) asook Elsieskraal (Van Der Westhuizen se nageslag) totaal tot niet gegaan het sonder enige ingryping om die herinnering aan ons kosbare verlede te bewaar. Min mense besef dat die Tygerberge en sy mense vanaf die 18de eeu 'n reuse impak gehad het op die verloop van die geskiedenis deur 'n geletterde en ekonomiese basis te skep vir die uitbreiding en vestiging van die Suid-Afrikaanse bevolking na die Oos-Kaap en die Noorde.

'n Studie in 2000 deur die *Agencency for Cultural resource management*[2], het aangedui dat Clara Anna's Fontein **weinig waarde** tot ons kultuur-erfenis bygedra het en dat die beplande ontwikkeling van die plaas kan voortgaan. Die studie steun op 'n prehistoriese argeologiese basis en verklaar dus dat geen argeologiese mitigasie nodig sal wees nie. Dit is **onmoontlik** om te glo dat hier geen oorblyfsels van geskiedkundige artifakte van die Koina[3] en ander groepe te vinde is wat in hierdie tydperk in die Tygerberge woonagtig was nie. Dit geld vir die tydperk voor en gedurende die Middeleeue asook in ons vroeë koloniale geskiedenis.

---

[1] Opgaafrolle 1692, H. Heese, UWK-verwerking, GISA, Stellenbosch.
[2] Archeological Study, Portions 9,10,11 of the Farm Uitkamp, November 2000.
[3] D.J. Sleigh, persoonlike kommunikasie (Vogens Proff. Sleigh is dit die korrekte termonologie).

Geen inligting uit hierdie dokument mag gepubliseer word. Kopie-reg behoort aan die Durbanvile Erfenis-Stigting

Die erfenis-impak studie, as deel van die genoemde ondersoek, bevat vele foute en is redelik oppervlakkig uitgevoer. Uit die studie blyk dit dat die plaas moontlik nie vanuit 'n kulturele hoek (volgens die skrywer: fontein, waterstroompie, dam en laning na die woonhuis) 'n groot bydrae tot bewaring lewer nie. Die erfenis-impak[4] studie ontken egter die reuse impak wat hierdie plaas en sy mense op die erfeniswaarde en ontwikkeling van Durbanville en Suid-Afrika oor die algemeen gehad het. Sou ons hierdie argument konsekwent deurvoer het **geen plaas** vandag 'n bewaringsreg in Durbanville nie! Die erfenis waarde lê nie noodwendig in die fisiese artifakte nie maar ook in die geskiedenis nalatenskappe van sy mense asook hulle taal, godsdiens, waardes en bydraes tot die ontwikkeling van die samelewing en omgewing.

Volgens A. P. Smit[5] is Maastrich (een van die Tygerberg plase) een van die mees historiese plase. Sy argument word gebaseer op die reisiger en medikus, dr. Heinrich Lichtingstein se kommentaar gedurende sy besoek in 1804 aan hierdie plaas asook die bewering dat Generaal Janzen gedurende die Betaafse Regime hom hier afgesonder het om sekere belangrike sake te oorweeg (hy het natuurlik gekapituleer na die slag van Blouberg). Selfs teen hierdie agtergrond sou daar dan waarskynlik geen beswaar gewees het om Maastrich, of deel daarvan, te ontwikkel in trosbehuising nie.

Kort beskrywing van ons vroeë kultuurhistoriese erfenis

Een van die eerste wynplase in die Tygerberge

Die Kompanjie het sedert 1682 skape onder beskerming van soldate laat wei in die Tygerberg-gebied. Die groot aantal roofdiere het Simon van der Stel laat besluit om 'n kraal van hout sowel as 'n poshuis (woning) vir herders te bou. Drie leeus is in 1684 binne twee weke by hierdie pos doodgeskiet. Teen 1685 was daar reeds 995 skape op die Tygerbergpos. In 1686 het Simon van der Stel aan die Politieke Raad bekend gemaak dat hulle grond benodig vir die VOC se uitbreiding[6]. Vir hierdie doel wou hulle die beste grond bekom wat geleë was aan die Tygerberg en het meer as ses maande kennis gegee aan vryburgers om van hierdie grond te verlaat en sou met ander grond vergoed word. Dit is dus duidelik daar 'n paar boere (meeste vryburgers) geboer het in die Tygerberge, waarskynlik op leningsplase[7].

Clara Anna's Fontein is 'n juweel in ons erfenis. Opgaaf rolle van 1692[8] toon dat Hendrik Olivier (Hendrik Cornelisz) met 7 kinders op 'n stuk grond in die Tygerberge (Clara Anna's Fontein) met 4000 wingerdstokke (waarskynlik pas aangeplant aangesien daar nog geen wyn geproduseer was nie), 400 skape

[4] Erfenis-Impakstudie, Uitkamp: Kultuurhistoriese ondersoek, Elizabeth Albertyn, Desember 2000.
[5] A.P. Smit, Meetsnoere in lieflike plekke, Durbanville, 1976
[6] D.J. Sleigh, Die Buiteposte, pp. 170-171, Protea Boekehuis, 2004
[7] N.M. Du Plessis, Die Tygerberge, p 36, Tafelbaai Uitgewers, 1988
[8] Opgaafrolle 1692-1721, H. Heese, UWK-verwerking, GISA, Stellenbosch

Geen inligting uit hierdie dokument mag gepubliseer word. Kopie-reg behoort aan die Durbanvile Erfenis-Stigting

en 62 beeste geboer het. Hy het ook al koring aangeplant en het 50 mudsakke van 6 sakke koringsaad. Geoes.

Dit beteken dat Clara Anna's Fontein een van die **eerste wynplase** was wat wyn in die Tygerberge geproduseer het Navorsing toon dat wynproduksie eers in 1698 op Altydgedacht (die Tygerberge), wat as een van die oudste wynplase in die omgewing beskou word, begin het, [9].

					* Beatrix Verwey (Wed Olivier)					
Datum	**Seuns**	**Dogters**	**Slawe**	**Perde**	**Beeste**	**Skape**	**Wingerd**	**Wyn**	**Koring saai**	**Koring oes**
1692	5	2	1	3	62	400	4000		6	50
1702*	6	3	6	4	220	1100	3000	1	5	50
1705*	6	3	7	6	200	1000	6000	2	4	40
1709*	2	2	13	8	350	500	5000	6	15	220
1716*		1	18	16	350	1300	12000	8	16	130
1719*		1	19	16	160	500	8000	8	12	100
1721*		1	17	17	170	550	10000	11	10	32

Opgaafrolle van Clara Anna's fontein

Een stuck land met daaropstaande timmerragien, leggende in de Tigerbergen wort meede bij de boedelhoutster **bebout** en met vee beleid; waar van tot nogh toe geen ervgrondbriev van en is, maar staat gegeven te worden

Uittreksel uit Olivier se boedel

Hendrik Cornelisz Olivier[10], gebore in Ouwekerk, distrik Duiveland, in die provinsie Zeeland was die eerste eienaar van Clara Anna's Fontein en trou op 30 Mei 1677 met Beatrix (Gysbertz) Verwey van Woerden[11]. Beatrix was die dogter van Catharina (Tryntjie) Ganzevanger en Gysbert Verwey. Hendrik Olivier sterf in 1701 en laat sy vrou Beatrix Verwey en tien kinders[12] agter (nie nege soos aangegee in De Villiers/Pama[13]). Clara Anna Fontein is die stamplaas van omtrent die helfte van alle Olivier's in Suid-Afrika. Volgens sy boedel (sien raampie langsaan) was daar reeds 'n huisie op Clara Anna's Fontein teen 1701). Beatrix ontvang eers amptelik die grondbrief in 1702[14]. Beatrix was (naas haar moeder Tryntjie) een van die **eerste vroulike boere** in hierdie omgewing. Haar moeder het as die "boerin" bekend gestaan. Naas haar ma se plaas, Doordekraal, behoort hierdie plaas 'n **monument** vir vroue-landbou in Suid-Afrika te wees. Uit bostaande opgaafrolle kan gesien word hoe suksesvol sy geboer het.

[9] N.M.Walters, Elsje van Suurwaarde, Die boerin van De Tijgerbergen, Capensis, pp.4-20, 3/2006.
[10] E. Bull, An Anomly in the Olivier Family, Familia, Vol 23, No.3, 1986.
[11] ibid.
[12] Boedelinventaris, MOOC 8/1.65, 1701, Kaapse Argief.
[13] De Villiers/Pama: Geslagsregisters van die ou Kaapse Families, Kaapstad, 1966.
[14] Kaapse Grondbriewe, 1702, diagram 8, Kaapse Argief.

Geen inligting uit hierdie dokument mag gepubliseer word. Kopie-reg behoort aan die Durbanvile Erfenis-Stigting

Die naam, Clara Anna, verdien 'n bietjie aandag hier. Die vermoede is dat die woord Clara/Klare afgelei is van die Hollandse woord wat helder beteken en wat na die fontein verwys. Hendrik en Beatrix se 6de kind, Annietjie (Johanna/Anna) word gedoop 10 Maart 1691[15]. Dit beteken dat sy pas gebore is toe Hendrik die grond in die Tygerberge ontvang het, waarkynlik in 1690/91 (soos reeds genoem het Hendrik sedert 1692 op Clara Anna's Fontein geboer). Die naam word egter eers amptelik in Beatrix se grondbrief van 1702 gebruik. Slegs een van Hendrik se 29 kleinkinders[16] word vernoem na Clara Anna wat dit onwaarskynlik maak dat Clara Anna vernoem is na sy of sy vrou se ouers/groot-ouers en dat die Anna dus heel waarskynlik na sy dogter Annetjie verwys. Dit is die skrywer se vermoede dat Annetjie die eerste kind was wat op Clara Anna's Fontein gebore is. Sy tree in die huwelik met Jan H. Cloete(n) wat onder andere die plase Ida's Vallei en Vlottenburg in Stellenbosch besit het[17].

Die swak koring oes in 1721 het waarskynlik Beatrix genoop om die plaas te verkoop. Beatrix verkoop ook haar aandeel in twee ander plase in die Gouda omgewing in 1727[18] en koop vir haar twee huise in Tafelbaai[19] waar sy waarkynlik gebly het tot haar dood in 1741[20].

Afrika kenose

Beatrix verkoop die plaas aan haar susterskind, Aletta Olivier, se man: Michiel **Africanus** Heins (Heijns)[21] in 1722[22]. Dit is dan ook die eerste stigter voorbeeld van 'n "**Afrika kenose**", behalwe miskien vir die woorde van Hendrik Biebow in 1707: "*ik ben een Afrikander*"[23]. Michiel Heyns was die seun van Paul Heyns wat in 1655 in Leipzig gebore is. Michiel Africanus se kinders word waarskynlik almal op Clara Anna Fontein gebore en is die stamvader van meeste Heinse in Suid Afrika. Michiel sterf in 1735 en kon dus geensins die plaas aan Johannes Jacobus Uys (gebore in 1761) verkoop het soos beweer word deur die *Agencency for Cultural resource management* se verslag nie.

Michiel se weduwee trou na Michiel se dood met Matthys Zondag (Sondag). Matthys Sondag is die stamvader van die Sondag familie. Matthys (Matthias) Zondag, word in 1710 in Wustenwetzdorf by Triptis, Thuringen gebore. Matthys word dus die nuwe eienaar van Clara Anna's fontein[24] as gevolg van sy huwelik.

Die drenkeling eienaar van Clara Anna's Fontein

---

[15] E. Bull, An Anomly in the Olivier Family, Familia, Vol 23, No.3, 1986.
[16] ibid.
[17] ibid.
[18] Louisklip, T 1790,1727 en Rustplaas, T 1789, 1727, Aktes, Kaapse Argief.
[19] Aktes, T 1815, 1727 en later T 2033, 1731, Kaapse Argief.
[20] Boedelinventaris, MOOC 8/6.65, 1741, Kaapse Argief.
[21] Suid-Afrikaanse Geslagsregisters, GISA, Stellenbosch.
[22] Aktes, Oordrag T 1452, 1722, Kaapse Argief.
[23] H. Giliomee, The Afrikaners, p. 22, Tafelberg, 2003
[24] J. Hoge, Personalia of the Germans at the Cape, Archive Yearbook, 1946.

Geen inligting uit hierdie dokument mag gepubliseer word. Kopie-reg behoort aan die Durbanvile Erfenis-Stigting

Matthys verkoop die plaas in 1744 aan Henning Joachim Prehn[25]. Henning Joachim Prehn was die seun van Heinrich Prehn, en is in 1699 in Hamburg gebore[26]. Hendrik was 'n adelbors op die skip Lakeman wat in Tafelbaai gestrand het. Hy was duidelik oppad na Batavia en bly in die Kaap aan as assistent sekretaris[27]. Henning was later a senior amptenaar in die burgerraad en hert vier vroue gehad. Hy verlaat Suid Afrika met sy laaste vrou en twee kinders en sterf in 1771 in Zwolle Nederland[28]. Hendrik was dus die eerste "**drenkeling eienaar"** van Clara Anna's Fontein en die eerste wat in die buiteland begrawe word. Sou dit nie wonderlik wees om Prehn se graf op te spoor en fotos van sy geskiedenis op Clara Anna's Fontein te bewaar nie?

Johannes Prehn verkoop die plaas aan Eduart Mostert in 1750[29] wat dit een jaar later verkoop aan Beatrix Olivier, die dogter van stamvader Hendrik Olivier[30]. Beatrix was getroud met Pieter van der Westhuizen, die seun van Pieter van der Westhuizen, stamvader van al die Van der Westhuizens. Die plaas word weer vir die eerste keer die eiendom van die Olivier nageslag. Beatrix se plaas word in 1771 die eiendom van haar seun, Barend van der Westhuizen[31].

Die Negentiende eeu (Uys, Duminy en Maclay)

Die geskiedenis is vanaf die 19 eeu redelik goed gedokumenteer[32] en word slegs vlugtig hier genoem. Johannes Jacobus Uys word in Stellenbosch op 23 Agustus 1761 gebore en word die nuwe eienaar van Clara Anna's Fontein. Dit is waarskynlik dat Johannes Uys na sy huwelik met Johanna Roeland die mooi Kaaps-Hollandse herewoning laat bou het[33]. Na Uys word die plaas die eiendom van Benjamin Francois Duminee. Die impak van hierdie twee families op die ontwikkeling en geskiedenis van Durbanville is alom bekend[34].

James Robert Maclay word die nuwe eienaar van Clara Anna's Fontein wat blykbaar met slange op die plafon geboer het[35]. Dit is waarskynlik dat die herehuis gedurende die eienaarskap van Maclay afgebrand het en word eers in 1920 herbou.

---

[25] Aktes, Oordrag T 2599, 1744, Kaapse Argief.
[26] De Villiers/Pama: Geslagsregisters van die ou Kaapse Families, Kaapstad, 1966.
[27] Resolusies van die Politieke Raad, C66, pp.69-91, 1723, Kaapse Argief
[28] ibid - voetnota 7 van die Resolusies.
[29] Aktes, Oordrag T 2858, 1750, Kaapse Argief.
[30] Aktes, Oordrag T 2905, 1744, Kaapse Argief.
[31] Aktes, Oordrag T 4451, 1771, Kaapse Argief.
[32] Sien verwysings 2,5,7.
[33] Erfenis-Impakstudie, Uitkamp: Kultuurhistoriese ondersoek, Elizabeth Albertyn, Desember 2000.
[34] N.M. Du Plessis, Die Tygerberge, p. 65, Tafelbaai Uitgewers, 1988
[35] J en T. Basson, Ongepuliseerde geskrifte (sien verwysing 33)

Geen inligting uit hierdie dokument mag gepubliseer word. Kopie-reg behoort aan die Durbanvile Erfenis-Stigting

Opmerkings en voorstelle

Uit hierdie kort beskrywing van die vroeë geskiedenis van Clara Anna' Fontein kan gesien word dat die plaas 'n kosbare bron van inligting en bewaring is en dat nog verdere navorsing nodig is om hierdie bron verder te ontgin.

Die Durbanville Erfenis-Stigting wil sien dat hierdie erfenis vir die nageslag bewaar bly. Hierdie erfenis moet nie in die vorm van publikasies en 'n paar "token" simbole behou word nie, maar wel as 'n **lewende monument** van ons dorp se geskiedenis bewaar word. Die stigting voel dat daar te veel van ons plase al reeds verdwyn het en dat enige ontwikkelingsforum hiervan kennis moet neem.

Die belangrikheid van die geskiedeniswaarde en die pioniers se bydraes **moet** in ag geneem word by enige ontwikkelingsbesluite. Dit is dalk nou die geleentheid om 'n streep te trek op die verdere verdwyning van ons kosbare plaas-erfenisse en lanbougrond.